higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1150**(A)**(J19)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6

(Tweede Vraestel)

(9090176)

19 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N6
(Tweede Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

1.1 Verduidelik die volgende terme:

1.1.1 Nassente persoonlikheid

1.1.2 Immobiliteit

1.1.3 Empatie

1.1.4 Intellektuele

1.1.5 Positiewe kondisionering

(5 × 2) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Persoonlikheidsontwikkeling het te doen met mense en hulle verhouding met mekaar.

1.2.2 Persoonlikheidseienskappe soos houding ('attitude'), karakter en morele waardes word aangeleer.

1.2.3 Om iemand regtig te leer ken, hoef jy net na die persoon se innerlike samestelling te kyk.

1.2.4 Die mens is nie van nature 'n godsdienstige wese nie.

1.2.5 Godsdiens speel nie 'n rol in die ontwikkeling van 'n mens se persoonlikheid nie.

1.2.6 'n Verpleegster moet altyd in beheer van haar emosies wees.

1.2.7 Hoe minder kinders hulle ouers sien, hoe makliker is dit om hulle te verpleeg.

1.2.8 Adolessente is gewoonlik nie baie sensitief vir 'n gebrek aan privaatheid nie.

1.2.9 As die simptome van pyn behandel word, hoef 'n mens net op die fisiologiese redes vir die pyn te let.

1.2.10 Besoekers is die belangrikste oorsaak van konflik tussen die pasiënt en sy/haar omgewing.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.3 Noem die DRIE fases van 'n doktersondersoek. (3)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

'Byna 'n derde van alle mense wat selfmoord pleeg, is fisies siek.' (2)

1.5 Noem VYF eienskappe van 'n volwasse persoonlikheid. (5)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

Bespreek die invloed van oorerwing en die omgewing op die ontwikkeling van die menslike persoonlikheid. **[20]**

VRAAG 3

Bespreek die volgende kortliks:

3.1 Die ouers en die hospitaal

3.2 Die adolessent en siekte

(2 × 10) **[20]**

VRAAG 4

4.1 Bespreek die rol wat kulturele faktore in die belewing van pyn speel.

4.2 Bespreek kortliks die ontkenning ('denial') van dood en siekte.

(2 × 10) **[20]**

VRAAG 5

Bespreek die volgende kortliks:

5.1 Die redes waarom mense selfmoord pleeg (10)

5.2 Terapeutiese berading ('counselling') (5)

5.3 Gedragsversterking ('behaviour reinforcement') (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou